TRALIE VARIA 2015

1905

Tralie Varia onder SA Top 10 in "Ons Kan 24" se Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2015

OKTOBER - JAARGANG 43

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Genl. Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e–pos: mail@sentraal.co.za, Tel.: (051) 4101800



NUUS: Tralies smul aan eet– en drinkgoed tydens vanjaar se 110e verjaarsdagfeesvieringe 2



KULTUUR: VCSV–leerders maak groot verskil in lewens tydens Lesotho–uitreik 5



SPORT: Tralienetbal is 'n wonderlike voorbeeld van dissipline en hard werk 10



SPORT: Blokke speel stylvolle krieket en hou kop teen opponente 11

Rugby neem voortou

Die aaklige wind en weer kon die Blokke nie keer



Mnr. Johan Vorster omhoog op die skouers van die oorwinnaars. **Foto: Georgie Jansen van Rensburg**

KARLA SCHEEPERS

"Geduld, volharding en harde werk is 'n onverbeterlike kombinasie vir sukses" - Napoleon Hill. Die Hoërskool Sentraal se eerste rugbyspan het hierdie jaar bewys dat hulle uit 'n kombinasie van al die regte bestanddele saamgestel is.

HTS Louis Botha, Hoërskool Fichardtpark asook Hoërskool Jim Fouché is van die ander spanne wat deel uitmaak van die Vrystaat se A1-liga.

Die finaal het teen die Hoërskool Jim Fouché (JF) op Shimlapark by die Universiteit van die Vrystaat (UV) plaasgevind. Een van die uitblinkers was Denzil Fiff (senter) wat met 'n mooi drie in die tweede helfde gesorg het dat Sentraal die voortou met 21-15 geneem het. JF het egter vir naelbyt oomblikke gesorg deur kortstondig met 'n telling van 28-26 voor te loop.

Christiaan Geyer (losskakel) is die Tralies se held aangesien hy gedurende die laaste paar minute van die wedstryd oorgeduik het vir die wendrie. Geyer het nie net die wendrie gedruk nie, maar was verantwoordelik vir 21 van die Blokke se 31 punte.

"Dit was een van die merkwaardigste oorwinnings. Die spel was op 'n mespunt gebalanseer. Die Blokke het volhard en ek is baie trots op hulle," sê mnr. Johan Vorster (skoolhoof). Verder het drie (die o.14, o.16 en tweedespan) uit vier spanne in die A-liga met die louere weggestap.

Die kaptein van die eerstespan, SJ Fourie, sê: "Ons kon dit nie sonder die ondersteuning van die skool gedoen het nie. Ons is ook baie dankbaar teenoor ons afrigters vir al hulle harde werk en vertroue in ons."

Oud-Tralies presteer wêreldwyd

NICCI CILLIERS

Twee oud-Tralies spog met internasionale prestasies. Die twee jong dames het in hulle onderskeie beroepsvelde uitgeblink.

Roelene Groenewald is 'n somatologie-student aan die *Isa Carstens Health and Skin Care Academy*. Sy het die Westelike provinsie by die nasionale kampioenskap by CTICC, Kaapstad verteenwoordig.

Die nasionale wenner van elke afdeling is vir die Suid-Afrikaanse span gekies wat in São Paulo, Brazilië, in die *World Skills* teen 59 ander lande deelgeneem het. Groenewald het in die skoonheidsterapie afdeling teen 25 deelnemers meegeding en wen vir Suid-Afrika die *Best Of Nations* medalje.

Tiffany Onderstall het in Dallas, Texas aan die *Microsoft Office Specialist World Championships* en die *Adobe Certified Associate World Championships* deelgeneem. Sy het die *Inscape Educational Group* verteenwoordig en 'n 2e-plek vir haar *Adobe Project Banner* behaal.

Martinique Ferreira, 2014 Matrikulant van die jaar finalis, het in 2015 die Mej. Vrystaatkompetisie gewen. Verder is sy ook 'n veelsydige kunsstudent aan die Universiteit van die Vrystaat en 'n kranige sportvrou.

Simone Niebuhr, Mej Bloemfontein 2013, studeer tans aan die *Kohl Make-up Academy* te Johannesburg. Sy is 'n model vir *Boss Models* wat aan haar die geleentheid bied om saam met bekende ontwerpers te werk. Sy het die voorreg gehad om tydens die afgelope *SA Fashion Week* as loopplankmodel vir die ontwerper Gert Johan Coetzee op te tree.

Tans is sy ook as student werksaam by *1085 Artist Management*, waar sy waardevolle kennis en ondervinding in die grimeerkuns opdoen. Sy wil egter graag eendag as grimeerkunstenaar haar stempel afdruk eerder as om 'n bekende model te wees.

Dié oud-Tralies dien as inspirasie en motivering vir die huidige Tralies. "Dit motiveer die leerders om hulle drome na te jaag en dit sodoende ook te verwesenlik," het me. Barbara Engelbrecht (onderwyser) aan die Tralie Varia gesê.

Die Hoërskool Sentraal skree hiep-hiep hoera

Die Tralies vier vanjaar hulle 110e bestaansjaar op 'n feestelike manier

ANKE ARCHER

Die Hoërskool Sentraal vier vanjaar sy 110e verjaarsdag. Gestig op 26 Augustus 1905 speel dié skool 'n fundamentele rol in Bloemfontein.

Die graad 8- en 9-leerders het die Woensdagaand met 'n dansbonanza begin. Die fakkelgeleentheid het Donderdagaand plaasgevind. Mnr. Johan Vorster (skoolhoof) het die matrikulante met ballonne in die hand na die rugbyveld gelei en die fakkel aangesteek. Dít simboliseer hoop en vooruitsig. Mnr. Louis Siemens - voorsitter van die beheerliggaam - meen: "'n Fakkel simboliseer ook die uitwissing van onkunde."

Vrydag het die vieringe 'n hoogtepunt bereik tydens die amptelike saalperiode. Koos Smit, bekende atletiekafrigter asook 'n oud-Sentraal onderwyser, was onder die eregaste.

Saterdag het oud-Tralies, Tralies en onderwysers op die sportveld kragte gemeet. Gelukkig kon almal Saterdagaand weer asem skep by die potjiekoskompetisie. Plaaslike kokkedore het bewys dat hulle wel hulle sout werd is. Pot 24, met heerlike souskluitjies bo-op, het die ander potte uitgestof. Terwyl Sentraal hulle eie *Masterchef* geloods het, het leerders die skool se jaarlikse verjaarsdagbal geniet. Om die winter af te sluit was die tema *Winter Wonderland*.



Vrolike Tralies geniet tydens die skool se verjaarsdagvieringe kolwyntjies en Coke . **Foto: Bernadette Veldsman**

Personeel spog met nuwe babas

LIZE JACOBS

Die onderwysers aan die Hoërskool Sentraal gesels baie trots en opgewonde oor hulle babadogters en –seuns.

Wat is julle baba se naam en het dit enige besondere betekenis?

Gideon Goosen: Ons seuntjie se naam is Christiaan en dit beteken volger van Christus.

William Loots: Haar naam is Lia en kom van Wil(lia)m.

Nadia Röll / Bernalt Röll: Ons is geseën met 'n dierbare seuntjie Reinard wat *brave and mighty* beteken.

Gerda Spies: Ons dogtertjie is baie kosbaar en haar naam Mia beteken *wished-for-child*.

Adolf Swiegers: Anzél is 'n samestelling uit die letters van my en my vrou se naam sowel as ons ouers se name.

Reanda van Pletzen: Ons eersteling dogtertjie se naam is Leané. Haar naam is afgelei van haar ouma se doopname en beteken *graceful*.

Wat is die belangrikste lewensles wat meneer vir julle kind sal wil leer?

Gideon Goosen: Dissipline, want dit lê die grondslag vir 'n suksesvolle toekoms.

William Loots: Om altyd net jouself te wees en altyd na jou intuïsie te luister.

Hoe verander ouer-wees 'n mens se lewe?

Nadia Röll / Bernalt Röll: 'n Mens se prioriteite verander en jy besef dat jou kind se belange eerste gestel moet word.

Wat was tot dusver die mooiste oomlik in julle gesin se lewe?

Gerda Spies: Wanneer jy jou kind vir die eerste keer hoor lag.

Aard sus na ma of pa?

Adolf Swiegers: Sy is verseker so mooi soos haar ma, maar ons dink sy het haar pa se lengte gekry.

Reanda van Pletzen: Ons dink sy het haar ma se stembande geërf, want sy kan behoorlik 'n kabaal opskop. Sy het verseker haar pa se hart wanneer sy haar koppie draai en so diep in jou oë kyk. Sy het dalk sy humeur ook.

Projek maak weer drome waar

LEILA CHAMPION

Die jaarlikse *Ek is 'n ster* geldinsamelingsprojek het tien jaar van omgee, gevier. Die VRL-lede, onder leiding van me. Poedels du Plessis, is die dryfkrag agter die sukses van die projek.

Om fondse te in, het die Tralies fudge en Chip & Dip gekoop en dié lekkernye tydens pouse geniet. Ansa van Zyl, 'n graad 12-leerder, het gesê: "Dit het gevoel soos een groot piekniek en sluit aan by die projek se tema: My skool is 'n ster."

Die fondse is aangewend om kinders se drome te bewaarheid. Tydens 'n spesiale saalopening (ter viering van die skool se 110e verjaarsdag) het Luke Sephton, 'n driejarige seuntjie wat verlede jaar met diabetes 2 gediagnoseer is, 'n opvoedkundige tablet ontvang. Verder word die fondse gebruik om in die Tsepang-huis se basiese behoeftes te voorsien. Vanjaar kon die Tralies 'n glimlag op 16 kinders se gesigte sit met die aflewering van kruideniersware. "Die kinders is dankbaar vir alles wat hulle kry. Daar is nie geld vir bederfies soos kaas en tamatiesous nie," sê me. Marlene Jooste, koördineerder van dié projek.

'n Paar graad 12-leerders is ook tydens dié geleentheid as sterrre uitgewys. Anke Archer met haar puik akademiese prestasies en Nadia Meiring die Hoërskool Sentraal se sportgodin. Op kultuurgebied het Gerduan Kemp geskitter en Danielle Bester het met die leierskaptoekenning weggestap. Die VRL loods jaarliks verskeie liefdadigheidsprojekte. Leila Champion (graad 9 VRL-lid) het haar registerklas deurgaans gemotiveer en hulle slaag daarin om drie uit die vier projekte te wen.

Danelle Jacobs, hoofmeisie aan die Hoërskool Sentraal, het die verrigtinge met die volgende aanhaling afgesluit: "As jy dink jy is te klein om 'n verskil te maak, probeer om saam met 'n muskiet te slaap."



Trotse ouers met hulle halfdosyn pienkvoete. **Foto: Paul Joubert**

Legendariese Tralies sê hulle laaste totsiens

JOHAN CHAMPION

Dit is met leedwese dat die Sentraalgemeenskap die afgelope tyd van twee uitsonderlike Tralies moes afskeid neem. Me. Toeks Neuhoff en mnr. Johan Beukes het diep spore in die Hoërskool Sentraal se geskiedenis getrap en hulle nalatenskap sal vir ewig gekoester word.

Mnr. Beukes, onderhoofseun aan die Hoërskool Sentraal in 1967, tesame met me. Cornelia de Kock (née Spies), was die stigters van die Tralie Varia. Mnr. Beukes en sy seun, Johard Beukes (1996) was albei redakteurs van die skoolkoerant. Dié merkwaardige Tralie was ook die argitek van die "nuwe" Eie Haard koshuis wat amptelik in 1985 in gebruik geneem is.

Mnr. Beukes se pa, prof. Gerhard Beukes, was 'n bekende volkstoneeldramaturg, asook voormalige voorsitter van die skoolkomitee van Laerskool Sentraal. "Ten spyte van sy skerp intellek en geesdrif vir die lewe was hy tog 'n deernisvolle persoon wat almal om hom verryk het," het mnr. Johan Vorster (skoolhoof) gesê.

Me.Toeks Neuhoff (née Conradie) het in 1958 aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer en het hiér haar onderwysloopbaan in 1963 begin. Sy was 'n merkwaardige gemeenskapsleier en was vir 13 jaar lank die hokkie-afrigter van die Kovsies se eerste hokkiespan. Sy het Springbokke soos Annette van Pletzen, Sherylle Calder, Bebe Steyn en Aryna Lombard opgelewer. Me. Neuhoff was ook vir 'n geruime tyd burgemeestersvrou van Bloemfontein nadat haar man, mnr. Neels Neuhoff, in 1988 tot burgemeester van Bloemfontein verkies is. "Toeks Neuhoff, was een van dié inspirerendste oud-Tralies wat ek ooit leer ken het. Sy het inderdaad in haar leeftyd 'n legende geword," het mnr. Vorster gesê.

Musiekfees bekoor die gehoor

Vier 110e bestaansjaar ook met die uitvoerende kunste

ELMé STRAUSS & MARLI APPEL

Die Hoërskool Sentraal het vanjaar ter viering van die skool se 110e bestaansjaar 'n musiekfees gehou.

Die program is deur die skoolkoor, Juvenes Cantantes, wat Queen se *Bohemian Rhapsody* gesing het, geopen.'n Dramagroep, bestaande uit graad 10- en 11-leerders, het met 'n komiese toneelstuk in drie tonele die skool se geskiedenis op 'n aktuele manier aan die gehoor oorgedra. Me. Marlize Visagie het dié produksie geregisseer en die draaiboek is deur me. Alida van der Walt geskryf. Mnr. Hans Potgieter was in beheer van die musikale aspekte van die vertoning en het die komposisies gedirigeer. Primêre Skool Willem Postma se seniorkoor het ook aan die program deelgeneem.

Daar was ook verskeie dansitems op die program onder andere 'n seuns- en dogtersdansgroep. Die *Can-Can* is gedans deur 'n gekombineerde groep van dogters en damespersoneel. 'n Groep oud-Tralies het *Video killed the radio star* van The Buggles uitgevoer. Die musiek- en drama items is met video insetsels van leerders van die Hoërskool Sentraal afgewissel.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n massavertoning deur die leerders. Die verrassingselement was toe dié leerders met hulle selfoonliggies die ritme van die musiek uitgebeeld het.

Mnr. Johan Vorster (skoolhoof) het 'n toespraak gelewer nadat hy dramaties vanuit die coulisse onder die verhoog te voorskyn gekom het.

"Só 'n fees het die skool in tien jaar nie gesien nie," sê mnr. Potgieter, hoof van die Sentraal Musiek Akademie (SMA).



Alise Pretorius verleen luister aan Mannetjies Roux. **Foto: Verskaf**

Tralies ontdooi yskoue lywe op Mandeladag

JOHAN CHAMPION

Die Tralies het dié jaar Mandeladag gevier deur blokkieskomberse by Torings van Hoop uit te deel.

Elke registerklas is gevra om met 'n unieke kombers vorendag te kom. Met 72 komberse, het die Tralies verseker dat talle kleuters en bejaardes dié winter snoesig slaap.

"Dit was 'n absolute voorreg om soveel mense te laat glimlag," het Karmen Nel, 'n graad 11 VRL-lid, gesê. Die Tralies het nie net komberse uitgedeel nie, maar ook sakke vol klere vir die minderbevoorregtes. Die leerders het 'n Sotho-diens saam met die bejaardes bygewoon en was skoon uitgeput nadat dié 70-jariges vir hulle gewys het dat hulle dalk oud is, maar nog lank nie koud is nie.

Almal het aan tee en kolwyntjies gesmul en die Tralies het vir die bejaardes gewys hoe om 'n *onssie* te neem. Die VRL-lede het heerlik met dié pensioenarisse geselsen het hulle uiterste bes probeer om die Sotho-liedere saam te sing. Kort voor lank was almal in 'n jolige stemming en dit het gevoel asof ou vriendskappe weer ontdek is.

Een van die bejaardes se fletsblou oë was met trane gevul en al wat sy wou sê is: "Dankie." Die Tralies het met swaar harte afskeid geneem en het belowe om binnekort weer te gaan kuier. Daléne Theron, 'n graad 11 VRL-lid, het gesê dat elkeen volgens die wyse woorde van Jim Rohn moet leef: "Slegs deur te gee, sal jy meer kan ontvang as wat jy reeds het."

Fluit-fluit die afskeid is uit



Matriekseuns wonder wat dié safari inhou. **Foto: Verskaf**

DANIÈLLE SKOG

Daar was groot opgewondenheid te bespeur toe die matriekulante soos Hollywoodsterre in 'n safaritrok hulle opwagting by Emoya Estate maak en die kameras hulle inwag. Die aand met die egte Bosveld atmosfeer het vir romantiese herinneringe gesorg.

Die matriekpaartjies het met 'n slingerpaadjie deur die doringbome tot bo by die onthaalarea gestap. 'n Dekoratiewe leeuwyfie en -welpie het bygedra tot die atmosfeer en het gesorg vir veelbesproke selfies.

Die gaste het hulle koppe gedraai om na die uitsonderlike rokke van regoor die wêreld te kyk. Die aantreklike jong here in hulle deftige pakke het ook nie 'n tree teruggestaan nie. Die pragtige dames se hakke het begin klik en hulle rokke het op die maat van die musiek begin swaai. Hulle het heerlik gedans tot amper hanekraai.

"Dit was beslis 'n aand uit die boeke. Ek sal graag 'n tweede matriekafskeid wou hê, om weer só 'n onvergeetlike aand te beleef," vertel Lanè Botha ná die wonderlike aand. Die matrieks het met swaar harte en kaal voete huiswaarts begin keer.

Nostalgie sal vir seker die oorhand kry as hulle oor 30 jaar na die foto's kyk en die kleinkinders vra waarom daar 'n leeu op die foto is.

'n Onbekende pad word aangepak

MARYNA VAN WYK

Na 'n senutergende drie weke van nominasies, onderhoude en stemprosesse is die leerderraad sowel as die koshuisprefekte vir 2016 aangekondig. Daar word van die groep verwag om te lei deur 'n voorbeeld te stel en 'n nalatenskap te laat.

Ter voorbereiding hiervan het die 35 verkose leerders hulle veldskoolklere ingepak en na die alombekende *On Track Adventures* te Hobhouse vertrek. Met geen sein vir hulle selfone of kontak met die buitewêreld nie, moes elkeen hom aan die ongenaakbaarheid van die natuur oorgee. Koue storte, son, wind, modder en die onbekende was aan die orde van die dag.

Een van die opdragte was om 'n standbeeld uit afvalmateriaal te bou. Die Tralies het 'n motor, wat vooruitgang simboliseer, gebou. Verfafdrukke van die leerders se hande is op die motor aangebring en simboliseer samewerking. "Tydens die kamp is daar aan ons die geleentheid gebied om as 'n span saam te werk en mekaar beter te leer ken," het Dirk Cilliers, die hoofseun aan die Hoërskool Sentraal vir 2016, gesê.

"Die groep bestaan uit oulike, welopgevoede kinders met goeie maniere. Ek voorspel opwindende dinge vir die nuwe jaar," meen mnr. Nico van Rensburg, voog van die leerderraad.

CITYMED
Day Hospital
healing experience
Prellerplein, Dan Pienaar | Tel: 051 436 4320/21

Ritme pols van die eilande tot in Engeland

Driehonderd-en-vyftig Tralies,twaalf klasse en een saal se verhoog

ELMé STRAUSS

Vanjaar se dansbonanza het 'n nuwe formaat aangeneem. Die tema van die aand was: Reis om die wêreld. Die graad 8- en 9-leerders moes in klasverband die verskillende lande kreatief uitbeeld in 'n produksie wat die unieke danskarakter van hulle gekose land tentoongestel het.

Harde werk en soms ook koppe stamp het dié spoggeleentheid voorafgegaan om sodoende 'n asemrowende finale produk op die planke te bring. Joani Roux, 'n graad 9-leerder, het opgemerk: "Die dansbonanza bied aan leerders die geleentheid om hulle potensiaal te ontgin. Ons het geleer om saam te werk, nie tou op te gooi nie en terselfdertyd pret te hê."

'n Stampvol saal met 'n gehoor van 950 is stomgeslaan deur die kreatiwiteit van die Tralies. Wat die produksie verder besonders gemaak het, was die uitstekende beligting en knap aanbieding deur die vier seremoniemeesters naamlik Gerhard Steyn en Nadia Meiring (graad 12) asook Quinton de Vries en Janine de Beer (graad 10). Die graad 9B's, C's en E's het na die finaal deurgedring en moes die beoordelaars oortuig wie die R5000 kontantprys kan losdans. Graad 9E het met hulle uitstekende danspassies en kleurvolle uitbeelding van Indië met die prys weggestap.

"Wat 'n ongelooflike belewenis. 'n Duisend Tralieharte wat verenig was in hulle reis om die wêreld," sê me. Poedels du Plessis (koördineerder).



Graad 9E-klas kleur die verhoog met 'n Indiese Masala Bhangra-dans in. **Foto: Verskaf**

Seniors by Siësta word bederf

LISA-MARI DE KLERK

Terwyl die meeste leerders op lentedag nog gebibber het van die koue, het die Hoërskool Sentraal se leerderraad 'n warm glimlag op bejaardes se gesigte gesit.

Jaarliks word daar blomme na die Siësta aftreeoord geneem. Hierdie jaar het die leerderraad van 2016 egter besluit om lentedag nog meer spesiaal te maak.

Die leerderraad bestaan uit verskeie komitees en gevolglik word take in groepverband afgehandel. Kayla Gouws (sameroeper: lentedagkomitee) Corli Bekker, Leandrie Slabbert en Jacques Mulder maak deel van die komitee uit. Die komitee het al die bederfpakkies met soetkoekies vir lentedag gemaak.

Die koekies het herinneringe van vergange se dae en die aroma van vars gebak by die senior burgers herroep."Baie dankie my kind vir die heerlike tuisgebak," het een van die senior burgers met 'n traan in die oog en met heimwee opgemerk.

Daar was ook onder andere klapper-, gemmer- en speserykoekies in die bederfpakkies. Die inwoners kon die heerlike koekies saam met hulle oggendtee geniet.

Leerderraadslede het spontaan begin musiek maak met behulp van verskeie musiekinstrumente en die seniors met hulle sang vermaak. Laasgenoemde het die een na die ander hulle gunsteling liedjies versoek. Dit het bygedra tot die hartlike samesang onder oud en jonk.

Die jongmense het soos 'n vars lentebriesie deur die oord getrek. Al die inwoners het weer jonk van gees gevoel en van alle kwale en skete vergeet.

"Ons sien voorwaar uit na die Tralies se volgende besoek," is uit een mond beaam.



Stéfan Hattingh maak senior se lewe soeter. **Foto: Paul Joubert**

Onnie onderskei hom as fotograaf

MARYNA VAN WYK

Mnr. Geo Jooste, 'n bekwame Biologie onderwyser aan die Hoërskool Sentraal, is aan die einde van die fotografiejaar as die beste natuurfotograaf in Suid-Afrika aangewys.

Die prestasie word gebaseer op verskeie landwye fotografiekompetisies wat deur die jaar aangebied is. Verskillende kategorieë onder andere natuurfoto's, foto's van landskappe, fotojoernalistiek, sport, portrette en piktoriaal is inaggeneem.

Die Fotografie Vereniging van Suid-Afrika stel op grond van elke deelnemer se prestasies in die nasionale kompetisies 'n ranglys op. Hierdie lys word elke jaar in Julie bekendgemaak. Meer as 700 fotograwe het deelgeneem en mnr. Jooste is die wenner in die natuurlewe-kategorie. Hy eindig ook algeheel vierde. Hy kon die vrugte pluk na sy harde werk en deursettingsvermoë.

Mnr. Jooste se stokperdjie het vir hom groot eer gebring en dit spoor hom aan om in die toekoms op hiérdie prestasie voort te bou. Leerders baat by sy kennis van fotografie. Aspirant fotograwe geniet sy gewilde klasse wat hy in die veld aanbied. Sy foto's word gereeld in publikasies gebruik.

"Alle eer aan die Here vir die geleentheid om hierdie passie uit te leef," sê 'n beskeie mnr. Jooste.

Vrouedag word vanjaar wyd en syd gevier

DANELLE JACOBS

Nasionale Vrouedag word sedert 1994 gevier en vind nou jaarliks op 9 Augustus plaas. In Suid-Afrika word daar op hierdie dag opnuut oor die regte van vroue en die bydraes wat hulle gelewer het, besin.

Met die viering van Vrouedag word daar teruggedink aan die dag in 1965 toe twintigduisend vroue te voet na die Uniegebou in Pretoria opgetrek het. Hulle wou hulle mening lug oor voorgestelde wetswysigings deur 'n petisie van 100 000 handtekeninge aan die Eerste Minister J.G. Strijdom te oorhandig.

Op Vrouedag word vroue wat 'n bydrae tot die verloop van geskiedenis gemaak het, vereer. 'n Bydrae tot die verlede, hede en die toekoms.

Vandag word die spesiale vroue in ons lewens bederf met geskenke en drukkies as blyk van waardering vir die bydrae wat hulle lewer.

"'n Mens kan nie help om te glimlag as jy bederf word nie. Selfs die kleinste geskenkie of gebaar laat 'n mens sommer spesiaal voel," sê Lize Jacobs, 'n graad 10-leerder aan die Hoërskool Sentraal.

Vir Vrouedag is Traliedogters, onderwyseresse en die administratiewe personeel met 'n lekkerny en 'n kaartjie bederf. Die leerderraadseuns het verantwoordelikheid vir hierdie projek aanvaar. "Dit was 'n uitdaging vir ons om saam te werk, maar die glimlagte van die meisies en die damespersoneel het dít beslis die moeite werd gemaak," het Gerhard Steyn, een van die flukse leerderraadseuns, gesê.

Die Hoërskool Sentraal se seuns kan vir hulle eweknieë in ander skole as voorbeeld en inspirasie dien. "Dit is hoe 'n mens 'n jong dame moet behandel. Ons het soos gewaardeerde dames gevoel omdat die seuns soos ware *gentlemen* opgetree het," sê 'n blosende Vera van Zyl (graad 8).

Bogenoemde gebaar van die Tralieseuns het beslis nie ongesiens verbygegaan nie. So het hulle vanjaar 'n standaard gestel wat in die toekoms geëwenaar of verbeter moet word.

Tralies word jolige stralerjakkers

Akademiese presteerders word met VSA besoek beloon



Akademiese presteerders verken Time Square in New York. **Foto: Verskaf**

JOHAN CHAMPION

Vier Tralies het onlangs 'n vakansie in die Verenigde State van Amerika op hulle *bucket list* afgemerk. Sonelcke Botha en Johan Champion (graad 11) Nadine Geldenhuys (graad 10) en mnr. Julius Keyser ('n personeellid) is die geleentheid gebied om hulle horisonne te verbreed.

Die organisasie *Travel & Sport*, het 206 Suid-Afrikaanse leerders van regoor die land, 12 416 km oor die Atlantiese oseaan laat vlieg. Die *Academic Achievers Award Tour*, was 'n inisiatief van *Travel & Sport*, om die top 10 akademiese presteerders in elke graad te beloon vir hulle uitmuntende prestasies. Boston, New York, Washington, D.C. en Orlando was op die toergroep se program.

Die groep het sommige van die sogenaamde *Ivy League* universiteite besoek. *Harvard University, Yale University, Massachusetts Institute of Technology, Columbia University* en *Princeton University*,was die hoogtepunte op elkeen se reiskalender. “Dit was 'n belewenis om dié veelbesproke universiteite te sien,” het Geldenhuys gesê.

Die drie *Smithsonian Museums, National Gallery of Art, Museum of Natural History, Lincoln Memorial, Arlington National Cemetary, Central Park* en die *United States Capitol*, was maar net 'n paar van die besienswaardighede wat deur die leerders besoek is. Daar is natuurlik ook tyd gemaak vir inkopies en die winkels in *Time Square*, die *Pentagon Mall* en elke snuisterywinkel is gou leeggekoop.

Die tyd het gevlieg en dit was met groot spyt dat almal afskeid moes neem. “Dit was die beste ervaring van my lewe,” het Botha gesê.

Voortrekkers spog met hoofleiers

LEANDRIE SLABBERT

Die Werk-en-Wen kommando spog vanjaar met agt Presidentsverkenners - 'n verskynsel wat meer as 'n dekade gelede gedokumenteer is.


Vanjaar is die Presidentsverkennerskamp in die Vrystaat aangebied en 207 matrieks van regoor Suid-Afrika en Namibië het dit bygewoon. 'n Presidentsverkenner moet kan leiding neem en ander motiveer om as 'n eenheid saam te werk.

Prof. Piet Strauss (oud-kommandoleier van die Werk-en-Wen kommando) en mnr. Josias Swanepoel (die langsdienende Voortrekker) is baie trots en dankbaar vir die hoeveelheid Presidentsverkenners wat Sentraal gelewer het. “Die Presidentsverkenner-toekenning is 'n nasionale toekenning vir kulturele leierskap, toewyding en deursettingsvermoë,” sê Strauss.

Die Voortrekkers is ook betrokke by die versorgingsprojek by die Bron (of put) van Herinneringe ook vandag beter bekend as die Dam van Trane. Werk-en-Wen versorg gereeld hierdie besienswaardigheid.

Daar is vanjaar ’n nuwe Taalgeskiedenis-kenteken by die beraad bekend-gestel. Dié kenteken is ingestel ter viering van Afrikaans se 90e verjaarsdag as amptelike taal. “Afrikaans is vir die Voortrekkers baie belangrik en om dié kenteken te verwerf is 'n groot eer,” sê Wesley Schutte, 'n graad 11-voortrekker van die Werk-en-Wen kommando.

Woorde Open Wêrelde in die Kaapprovinsie



Die Tralies se fokus bly altyd op ‘spel’. **Foto: Paul Joubert**

MICARLA DU PLESSIS

Die jaarlikse WOW Spelfees se Motheo kringkompetisie is vanjaar by die Hoërskool Sentraal aangebied. Graad 8-, 9- en 10-leerders het deelgeneem.

Die Traliewenners van die Motheo kringkompetisie is Nadia Havenga, (graad 8) en Miché Nel, (graad 9). Na 'n spannende rondte van spel tydens die provinsiale kompetisie, aangebied deur die Hoërskool Jim Fouché, is die volgende Tralies deel van die Vrystaatspan: Laura Theron en Miché Nel (graad 9) wat onderskeidelik die eerste en tweede plekke behaal het, asook Kyla Gerber (graad 10) wat die eerste plek behaal het. Gedurende die nasionale kompetisie in Stellenbosch het Nel 'n 2e-, Theron 'n 18e- en Gerber 'n 9e-plek behaal. Nel het die spelfees soos volg opgesom: “Dit was 'n voorreg om in my moedertaal te kon spel.”

Me. Petro Steenkamp (aktiwiteitshoof) se mening is dat die spelfees 'n geleentheid is wat elke kind moet aangryp. Daardeur word jou moedertaal bevorder en so word trots om Afrikaanssprekend te wees, gekweek.

KULTUUR BLOTSE

Hande wat uitreik maak harte oop

MICARLA DU PLESSIS

Die VCSV en die Lesotho-uitreik se tema, dat ons liefde nie net woorde en lippetaal moet wees nie, maar met opregtheid in die daad bewys moet word, het kringleiers oorgehaal om hulle diensbaarheid prakties te betoon.

Die kringleiers het by Butha Buthe die geleentheid gekry om 'n verskil in minderbevoorregtes se lewens te maak. Hulle het hand bygesit om die kerk se kantore te bou en te verf asook om sementvloere vir die kantore sowel as die kombuis te lê. Hulle het ook 'n klippad na die kerk gebou en hulle eie inisiatief gebruik deur 'n mengsel van beesmis en klei aan te maak om die klippe te laat set. Die kringleiers het elke aand hulle eie kos voorberei en daar was ook elke aand 'n toewydingsdiens waar besprekings gehou is om hulle gedagtes en gevoelens rondom dit wat hulle beleef het, met mekaar te deel. Dit was vir die kringleiers 'n belewenis om te kon sien hoe ander kulture ook bymekaar kom om God te eer en op hulle eie manier te dien.

'n Groot bron van inspirasie is Lulu van der Berg (uitreikleier) wat die harte van die Tralies aangeraak het. Haar voorbeeld het die Tralies gemotiveer om 'n stewige bedrag van R10 000 tot die projek by te dra. “Dit is lekkerder om te gee as om te ontvang en ander mense se nood sodoende te verlig,” sê Esli Lamley (kringleier).

“Die ervaring het ons VCSV-tak gemotiveer om volgende jaar weer die projek te ondersteun,” meen me. Jannecke Koekemoer (aktiwiteitshoof).

Drama maak naam na nasionale kompetisie

SUZÉL LESSING

Vier leerders aan die Hoërskool Sentraal het onder leiding van me. Marlize Visagie aan die ATKV-Tienertoneel nasionale kompetisie vir hoërskool-leerders in die Wynand Mouton Teater deelgeneem.

Die toneelstuk, Drie dae meester, is deur Herman Teirlinck verwerk en me. Visagie was die regisseur. Die toneelstuk dryf die spot met die kommunikasiegapings tussen skoonlief en die ondier in die huwelik. Gerhard Steyn (graad 12) vertolk die rol van Gert. Hy is 'n tipiese middeljarige man wat op 'n egosentriese manier slegs sy eie agenda wil bevorder. Tjaart van der Walt (graad 9) vertolk die rol van Jan - Gert se eweknie.

Mari Landman (graad 10) vertolk die rol van Trien en Liesbet word deur Janke-Carli Alberts (graad 12) gespeel. Die akteurs is individueel beoordeel en elke Tralie het uitstekend gevaar. Steyn en Van der Walt het beide silwer sertifikate verower en Landman en Alberts brons. Me. Visagie het ook brons verwerf vir haar uitstekende werk as regisseur. Die geleentheid het deure vir dié jong akteurs oopgemaak. “Ek het geleer dat as jy hard werk, jy beloon sal word,” sê Steyn. Hulle het by die ondervinding gebaat en waardevolle terugvoer ontvang.



PLATO SE GROT

Wil mense nie maar hulle menings vir hulleself hou nie?

Ná 'n uiters konserwatiewe tydperk van onderdrukking en geen vryheid van spraak moet ons retrospektief kyk en besef dat vryheid van spraak nie noodwendig 'n gehoor verseker nie. Dit wil sê, daar is nie noodwendig mense wat na jou wíl luister nie. Ja, jy.

Ons esofagusse is al wyd gerek van opinies wat daarin afgeforseer word en ons serebrale korteks loop oor van opinies wat geassimileer moet word.

Alhoewel daar geheime goue draadjies deur die fluistering van die mensdom se geskiedenis voorkom, moet elkeen eerder vir homself 'n opinie vorm.

Elkeen moet vir homself besluit wat reg en wat verkeerd is. Hoekom sou 'n mens nou teen die stroom wou swem?

Dit is tog sóveel moeite om vir onsself te dink en self navorsing te doen. Dit is mos baie makliker om die populêre soetkoek van die massas te verslint.

Daagliks vertel individue en organisasies jou dat *hulle* boodskap die korrekte een is. Maar wie akkrediteer dit? Die kranige en bevoegde (of die leke) luisteraar.

Broers en susters, julle moet besluit wat julle lewensuitkyk is en of dit 'n logiese een is.

Ons moet versigtig wees dat die boodskap nie meer aanhang as die didaktiek geniet nie.

Is die prentjie teen die grotmuur die prentjie of slegs die skaduwee van die prentjie?

- Wysgeer

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Die tyd is verby en die uurglas is leeg

JOHAN CHAMPION



Die water is onder deur die brug, die koeël is deur die kerk en die klok staan op vyf voor twaalf. Daar is nog net 'n paar korrels sand in 2015 se uurglas oor, maar elke deurgeloopte sandkorrel was 'n avontuur op sy eie.

In dié uitgawe word daar op elke faset van Traliewees gefokus. Van leerderraad en VRL tot musiek en spel. Rugby, netbal en skyfskiet. Vergete Tralies, oorlede Tralies en uitsonderlike Tralies. Die dansbonanza, koshuislewe en musiekfees. Elke diamant in die Traliesand-hoop word onder die vergrootglas geplaas.

Die graad 12's studeer dat die biesies bewe, ekstra klasse is stampvol en die handboeke lê oral gestrooi. Die graad 12's is op pad na nuwe horisonne terwyl die graad 8's vir 2016 se aansoekvorms goedgekeur word.

Die einde van 'n fenomenale jaar is in sig. Dit was 'n jaar vol dilemmas, pandemonium en trane, maar ook opwinding, euforie en glimlagte. Ek wil graag elke lid van die Tralie Varia bedank vir hulle deursettingsvermoë en geduld. Stadig, maar seker, val die laaste paar sandkorrels van 2015 deur die uurglas. John Boykin het eens gesê: "Tyd is lewe – niks meer nie en ook niks minder nie. Wat jy met jou ure en dae doen, is wat jy met jou lewe doen."



SMS jou gedagtes en WEN 'n prys!! 079 881 3779

REDAKSIE 2015

REDAKTEUR
Johan Champion

SUB-REDAKTEUR
Paul Joubert

NUUS
Maryna van Wyk – Bladredakteur
Anke Archer
Daniélle Skog, Lizé Jacobs
Nicci Cilliers
Anja Siemens
Leila Champion, Marli Appel
Karla Scheepers

KULTUUR
Leandrie Slabbert – Bladredakteur
Micarla du Plessis
Lisa-Mari de Klerk
Laura Theron, Elmé Strauss
Danelle Jacobs
Suzél Lessing

JOERNAAL
Paul Joubert – Bladredakteur
Lida Roodt

KOSHUIS
Gerhard Steyn – Bladredakteur
Georgie Jansen van Rensburg

SPORT
Marja-Lise Nel – Bladredakteur
Christine de Wet, Elrie Meyer
Zetské Posthumus
Stephen Pretorius
Carl Kellerman, Miché Nel

SPOTPRENTE
Anoniem

FOTO'S
Paul Joubert
Bernadette Veldsman,
Natasja Jansen
Leonore Prinsloo
Georgie Jansen van Rensburg
Leila Champion

E-KOERANT
Gerduan Kemp

GEDAGTES AGTER TRALIES

Geagte Redakteur


"Twaalf jaar van skool, 2 340 dae van jou lewe, 16 380 ure wat uit skoolbanke, onderwysers en boeke bestaan.

Volgens Albert Einstein is tyd 'n relatiewe begrip waarvan die verlede, hede en toekoms slegs 'n illusie is. Me. Theron sal egter sê dat tyd 'n geleentheid is om jou Afrikaans aktiwiteite te voltooi. Hoeveel tyd word daar nie daagliks verspeel nie?

Bykans tien minute van elke periode gaan verlore as gevolg van die groot stryd om van een klas na die volgende te stap. Om jou boeke uit te pak en dan uiteindelik almal tot bedaring te kry. Hoeveel keer het jy nie al jou huiswerk uitgestel en dan eers te laat besef dat jy nie genoeg tyd het om alles te doen nie? Hoekom moet almal eers ligjare agter wees voordat hulle skouer aan die wiel sit? Dalk is dit 'n siekte waaraan die mensdom ly?

Die een ding wat almal meer van wil hê, maar wat niemand wil gebruik as hulle dit het nie: TYD

- 'n Tydsame Tralie



Sentraal se spelvermoë op die spel geplaas

Tralies spel hulle weg oop na die nasionale rondte in Johannesburg

LISA-MARI DE KLERK

S-P-E-L-A-T-H-O-N. Die jaarlikse ATKV-spelkompetisie is vir die tweede agtereenvolgende jaar in die Hoërskool Sentraal se Eeufeessentrum aangebied. Altesaam 14 skole van oor die Vrystaat heen het aan die kompetisie deelgeneem.

Marilyn vos Savant het gesê: "Perfekte spelling word nie opgemerk nie. Spelfoute lok egter negatiewe reaksie uit." Die leerders wat deelgeneem het, sal verseker met hierdie stelling saamstem. Spelathon spoor leerders aan om aandag te skenk aan die korrekte gebruik van Afrikaans en bevorder goeie kompetisiegees.

Die deelnemers bestaan uit graad 9- en 10-leerders wat na 'n uitdunrondte in hulle plaaslike skole gekies is. Vier leerders aan die Hoërskool Sentraal, Miché Nel en Dané van den Berg (graad 9) Kayla Gerber en Lisa-Mari de Klerk (graad 10) het aan die kompetisie deelgeneem.

Die graad 9-leerders was eerste aan die beurt. Die deelnemers moes die woord wat aan hulle gegee is hardop vir die beoordelaars spel. Sodra 'n deelnemer die woord verkeerd gespel het, is die deelnemer gediskwalifiseer. Na die vyftiende rondte het die beoordelaars met 'n ongesiene woordelys begin. Miché Nel het in graad 9 die 1e-plek behaal. Kayla Gerber en Lisa-Mari de Klerk het onderskeidelik die 1e- en 2e-plekke in graad 10 beklee. Hierdie leerders het almal medaljes en sertifikate ontvang. Hulle dring deur na die nasionale rondte wat te Johannesburg plaasgevind het.

Dié leerders het aan die nasionale kompetisie, die gala-geleentheid van die ATKV, wat by Leewenhof Akademie in Johannesburg plaasgevind het, deelgeneem. In elke graadafdeling was daar 16 deelnemers wat elke provinsie in die land verteenwoordig het. Na elke rondte het die spanning aanvoelbaar toegeneem aangesien die woorde moeiliker geword het. Langer meerlettergrepige woorde met verskeie skryftekens was van die woorde wat nóú in die spellyste voorgekom het.



Miché Nel saam met me. Nellie de Beer en Petro Steenkamp tydens die Spelathon. **Foto: Paul Joubert**

In die graad 9-afdeling palm Miché Nel die 1e-plek in wat haar dus die beste speller in die land maak. In die graad 10-afdeling behaal Kayla Gerber die 2-plek en Lisa-Marie de Klerk 'n 8e-plek. Nel se prestasie het die Noordwes Universiteit so beïndruk dat hulle die besluit geneem het om 'n skenking aan die Hoërskool Sentraal te maak. Die skenking bestaan uit 'n kontantprys van 'n R1000 (geborg deur Afrikaanse Skryfgoed 4) aan die wenner. Die skool ontvang ook sagtewarelisensies van Afrikaanse Skryfgoed 4 vir al die skool se rekenaars.

"Die Spelathon is 'n goeie geleentheid waar ek geleer het hoe om onder druk my konsentrasie te behou, asook om kalm te bly. Dit was 'n voorreg om aan so 'n geleentheid, wat die Afrikaanse taal bevorder en vier, te kan deelneem," het Gerber gesê.

Klanke laat tot die Kaap se dokter glimlag

LAURA THERON

Ashlin Grobbelaar (graad 11) het gedurende Oktober aan die Nasionale Jeugmusiek-kompetisie te Kaapstad deelgeneem.

Grobbelaar, wat die tjello bespeel, is een van 'n groep van slegs 19 jong talentvolle klassieke musici wat in dié kompetisie meeding.

Grobbelaar is nie net deel van die Hoërskool Sentraal se Musiek Akademie (SMA) nie, maar ook 'n student aan die *Musicon* en betrokke by die *Mangaung String Programme*. "Dit is 'n baie moeilike kompetisie om aan deel te neem en hy moes beslis sy skoolvakansie opoffer om goed voorberei te wees," sê Anmari van der Westhuizen, 'n dosent aan die *Musicon*.

Die deelnemers speel in een van vier kategorieë, naamlik klavier, strykers, blasers en ander (perkussie, harp, marimba, ens.) Daar was die jaar nege deelnemers in die afdeling vir blasers, ses vir strykers, drie pianiste en een perkussiespeler.



Ashlin Grobbelaar se strykstok lok vele encores. **Foto: Paul Joubert**

Die Nasionale Jeugmusiekkompetisie is die derde grootste musiekkompetisie vir klassieke musici in Suid-Afrika. Vanjaar het die algehele wenner met 'n kontantprys van R30 000 en 'n goue medalje weggestap. Die algehele wenner word ook deur Nederburg genooi om by die *Overstrand Kunste* in Hermanus, sowel as die *Darling Music Experience* op te tree.

Grobbelaar het die toekenning vir die mees belowende kandidaat in die strykers kategorie ontvang."Ek het baie gestres, maar tog baie geleer. Die beoordelaars het waardevolle terugvoer t.o.v tegniese spel en repertoire gegee," sê Grobbelaar.

Grobbelaar het aanvanklik vioollesse geneem, maar het die suiwer diep klanke van die tjello meer betowerend gevind en die viool vir die tjello verruil.

Grobbelaar bespeel die tjello sedert 2008 en oefen ongeveer 3-4 ure per dag vir 4 dae in 'n week. Hy beoog om musiek te studeer en 'n loopbaan daarvan te maak.

Hy kan nie 'n tjellis as rolmodel uitsonder nie, maar bewonder meer as een kunstenaar wat in orkeste optree. "Dit is vir my aangrypend hoe elke lid van 'n orkes sy of haar deel met soveel toewyding doen om ten einde die klanke mooi te laat harmonieer," sê hy.

Sy droom is om ook eendag 'n lid van 'n internasionale simfonie-orkes te wees. Hy wil graag 'n rolmodel vir ander jong opkomende musici wees en hulle sodoende inspireer om hulle talent te ontwikkel en nie tou op te gooi nie.

Span maak hulle stem dik by Dink-of-sink

LEANDRIE SLABBERT

Die Hoërskool Sentraal se senior debatspan het oudergewoonte aan die Volksblad se jaarlikse Dink-of-sink-debatkompetisie wat by Oranje Meisieskool aangebied is, deelgeneem.

Dié span het bestaan uit Leandrie Slabbert en Paul Joubert (graad 11) asook Janke-Carli Alberts (graad 12).

Top debatteerders uit verskeie Bloemfontein - sowel as plattelandse skole - het op 'n informele wyse mekaar die stryd aangesê. Hier word bepaal hoe hulle binne enkele minute kan kophou en kragtig oor 'n onderwerp kan debatteer.

Hierdie kompetisie skep 'n informele geleentheid vir debatteerders om onder druk hulle mening oortuigend aan die gehoor te kan oordra. Die geleentheid bevorder die spreker se improvisasievermoë en taalvaardighede. Groot kontantpryse was op die spel en dit het ook vir Slabbert te beurt geval.

"Deelname aan die Volksblad se Dink-of-sink-kompetisie is nog altyd 'n hoogtepunt vir die Hoërskool Sentraal se debatteerders. Dit herinner ons jaarliks waarom ons trots moet wees om in ons moedertaal te kan debatteer," sê Joubert, 'n spanlid.

Johan Champion, 'n voormalige debatteerder en deelnemer aan die kompetisie, meen ook dat dié kompetisie baie met formele redevoering help.

Word individualiteit in moderne skole beperk?


Reëls rakende voorkoms is nie om te kniehalter nie, maar is rigtinggewend

PAUL JOUBERT

Leerders aan die Hoërskool Sentraal het hulle mening gelug oor sommige skole se uiters streng voorkomsbeleid.

67% van die respondente meen dat daar nie aan leerders genoeg vryheid in terme van voorkoms gegee word nie.

Sommige van die reëls, wat al vele dispute veroorsaak het, sluit in die verbod op die *comb-over* haarstyl en die insit van *highlights*. Leerders is van mening dat haarstyle soos die *comb-over* toegelaat moet word juis omdat dit 'n netjiese haarstyl is. 64% meen egter dat die vryheid van keuse toegelaat moet word. Die meerderheid meen egter dat *gel* of *mousse* 'n slordige voorkoms skep. Slegs 22% het die kleur van jou hare ondersteun.



Grafika: Paul Joubert

'n Ander kwessie is die dra van skuins- of twee poniesterte. Verskeie meisies is van mening dat hulle kreatiwiteit en uniekheid deur hierdie netjiese haarstyle uitgebeeld kan word. "Skoolreëls verhoed ons om ons individualiteit te beklemtoon," meen Lida Roodt (graad 10).

Sekere regulasies, soos 'n beperking op die hoeveelheid aktiwiteitsbalkies wat aan die kleurbaadjie gedra mag word, word egter deur leerders as oorbodig beskou. Johan Champion, graad 11-leerder, meen: "Indien 'n leerder byvoorbeeld vier balkies verdien, word daardie leerder genoodsaak om tussen aktiwiteite te kies."

Mnr. Du Toit Neethling (onderhoof) het verduidelik: "Reëls rakende voorkoms is nie daar om leerders se individualiteit te beperk nie, maar om te verhoed dat leerders gestereotipeer word."

58% van die respondente voel dat leerders wat nie *in* is in terme van voorkoms nie, slagoffers van boelies en bullebakke gaan word.

70% meen dat voorkomsreëls meer positiewe as negatiewe gevolge in 'n skoolomgewing het.

Dit blyk hieruit dat die Tralies tog voel dat die reëls rakende voorkoms nie oorbodig is nie.

Tralies ingelig oor dwelms

LIDA ROODT

'n Skokkende een uit drie volwassenes in Suid-Afrika gebruik dwelms.

Dwelmgebruik onder tieners word ongelukkig as gevolg van stres, groepsdruk, afwesigheid van ouers en onstabiele emosionele welstand 'n algemene verskynsel. As gevolg van bogenoemde faktore is die verskynsel nie ongewoon nie.

By die Hoërskool Sentraal word daar egter voorsorg getref teen hierdie ongewenste euwel. Hylton Dunn het die leerders ingelig oor die impak van dwelms en die gevolglike leefstyl.

Dunn het sy lewensverhaal gedeel en ook verskeie dwelmmiddels se gevolge verduidelik. Dunn het gebruik gemaak van visuele hulpmiddels wat die invloed van dwelms op 'n grafiese manier aan die leerders uitgebeeld het.

Die Tralies is sprakeloos gelaat toe Dunn die fisiese agteruitgang van onder andere dwelm-verslaafde tieners met behulp van foto's beklemtoon het. "Ek kan nie die foto van die mooi jong meisie wat in 'n 'ou' sieklike mensie verander het, vergeet nie," sê Marja-Lise Nel (graad 11).

Hy help al twintig jaar om verslaafdes te rehabiliteer by die Noupoort *Christian Care Centre* in die Noord-Kaap.

Daar was egter gemengde reaksies op Dunn se getuienis. Sommige leerders het grootoog en ontsteld uit die saal gestap. Ander het met nuwe insig en die vermoë om dwelmverslaafdes te identifiseer, huis toe gegaan.


Ongeag die omstandighede of emosionele welstand van die leerders kon elkeen, wat die inligtingspraatjie bygewoon het, met 'n lewensles uitstap.

"Leerders moet van die gevolge en gevare van dwelms bewus gemaak word. Dit is ongelukkig 'n realiteit," het 'n graad 10-leerder, wat die praatjie bygewoon het, gesê.

Dressing Room
FASHION BOUTIQUE
079 433 5391

BOEKRESENSIE

Eertydse legende leef steeds voort



Titel: Go Set a Watchman
Skrywer: Harper Lee
Genre: Fiksie
Aanbeveling: 6/10

PAUL JOUBERT

To Kill a Mockingbird (1960) het 'n generasie leerders en lesers van regverdigheid geleer. Jean Louise (Scout) Finch en haar vriende het in 1960's VSA lesers bekoor met avonture en het daarin geslaag om die morele konflik in die Suide uit te beeld.

In 2015 is *Go Set a Watchman* vrygestel en bemark as 'n opvolg van *Mockingbird*. Lesers is egter verwar deur dié bemarking aangesien *Watchman* nou meer akkuraat as 'n voorlopige konsep beskou word.

Tay Hohoff, uitgewer, het gevind dat die terugflitse na 'n jong Scout (in *Watchman*) as basis vir die boek, *To Kill a Mockingbird*, gebruik kan word. In 2011 het Lee se prokureur die manuskrip van Watchman in 'n bankkluis herontdek en eers in 2014 is die waarde van hierdie vonds besef.

Mockingbird volg Scout Finch en haar broer Jem se avonture, terwyl haar pa Atticus ('n prokureur) 'n swart man wat van verkragting aangekla is, verdedig. Scout beskou haar pa as haar morele kompas.

In *Watchman* keer die nou volwasse Jean Louise Finch terug na haar tuisdorp, Maycomb, om haar vriende en familie te besoek. Jean Louise se omstandighede dwing haar om persoonlike en politiese konflik uit te klaar terwyl sy haar pa se uitkyk op die gemeenskap probeer verstaan. Sy vind uit dat haar pa, eertydse rolmodel, geassosieer word met uitgesproke rassiste.

Hierdie boek lees soos 'n eerste manuskrip deurspek met teenstrydighede, slegte dialoog en onderontwikkelde karakters. Nógtans is daar 'n hele paar uitstekende uittreksels.

Hierdie boek is nie 'n rustige leesboek nie, maar liewers 'n versamelaarsitem of 'n interessantheid vir aanhangers van *Mockingbird*.

Os- of dalk ’n lekker skaapbraai?

Jaarlikse feestelikheid veroorsaak blase op dansvoete



Graad 10-leerders aan die Eie Haard koshuis geniet die osbraai en maak kosbare herinneringe. **Foto: Leila Champion**

GERHARD STEYN

Die reuk van braaivleis vind sy pad deur elke koshuisgang. Die parkeerterrein raak stadig-stadig stampvol vir die alombekende koshuistradisie. Dit is osbraainaweek.

SJ Fourie, hoofseun aan Eie Haard koshuis, het vyf skape aan die koshuis geskenk om voor te berei vir die geleentheid. Dié jaar is daar smullekker skape gespit en voorgesit anders as in die verlede waar daar tradisioneel 'n os gebraai is.

Die vorige aand word gereserveer vir 'n matriekafskeidbraai waartydens senior Eie Haarders vir oulaas saam kuier en met nostalgie aan elke onvergeetlike koshuis-oomblik terugdink.

Die dansvloer is geopen en kinders en ouers het binne oomblikke meelwolke los gedans. Die reüniegroepe se pogings om by die jeug se danspassies te hou, het vir groot pret gesorg.

Die kos wat deur die koshuis voorgesit is, was soos altyd watertandlekker. Die kersie op die koek was die heerlike nageregte waaronder: *Mississippi mud pie*, *fudge picasso*, aarbeikaaskoek en swartwoudkoek. Die koshuiskokke kan beslis vir die Kokkedoor kompetisie inskryf. “Dit was vir sommige mense 'n straf om nie van elkeen 'n happie in die kies te kon prop nie,” het Stéfan Hatting, 'n graad 11-leerder gesê.

Mee. Anja Coetzee en Jianri Booysen asook mnr. P.J. Richardson, kombuis-personeel van Eie Haard, het hulle oortref met die saal- en tafelversierings. “Dit was 'n onvergeetlike aand,” het Edik du Plooy, 'n koshuisprefek, gesê.

Dít is die *in* ding in Eie Haard

GEORGIE JANSEN VAN RENSBURG

“Dit is 'n uitdaging om elke oggend saam met 250 ander leerders wakker te word en nog deur die slaap 'n glimlag te forseer omdat dit van jou as koshuisleeder verwag word,” het Janke Lingenfelder gesê kort nadat die skril klok die leerders uit die bed geboender het.

In Eie Haard maak dit nie saak oor hoe populêr jy is juis omdat jy vir die eerste rugbyspan speel of die nuutste selfoon besit nie, maar wel hoe goed jy in dié huis kan aanpas. In die koshuis word beginsels en waardes neergelê waarvan respek en lojaliteit ver bo almal uitstaan. Goeie maniere is beslis een van die boustene.

Onvergeetlike Tralietye word binne hierdie bruin baksteenmure gevorm. Laataand geselsies en die klein bietjie mal wees, is die graad 8-leerder, Vera van Zyl, se koshuisoorlewingstrategie.

Die Eie Haarders bou voortdurend vriendskapsbande en leef saam in die gees van samehorigheid. In die koshuis beleef 'n mens die wêreld in sy totaliteit en leer jy vinnig om in die storms van die lewe te dans. Die *in* ding van Eie Haard word nie gemeet aan oppervlakkigheid nie, maar aan iets wat veel dieper lê.

Om *touchies* te speel is baie gewild onder die graad 12- en 11-koshuisseuns. Hulle pak mekaar na aandete aan en elke graad se trots is op die spel.

Sokkies is ook heel bo aan elke koshuisinwoner se lys. Dit gee aan graad 8- tot 12-koshuisinwoners die geleentheid om sosiaal te verkeer. “Dit is ’n lekker geleentheid waar ons ’n bietjie kan ontspan en ook die nuutste nuus kan uitruil,” sê Brinley Pritchard (graad 11-koshuis-inwoner).

Die graad 11-koshuismeisies hou tradisioneel elke jaar vir die graad 12-meisies 'n konsert. “Dit was baie pret gewees veral toe ons die graad 12-meisies moes naboots,” sê Petronella Kolobe (graad 11-koshuisinwoner).



Beste van die bestes sorg vir topklas

Groen-en-Goud wink dalk vir drie Tralienetbalspeelsters

ELRIE MEYER

Netbal is beslis nie net 'n sport hier by die Hoërskool Sentraal nie, maar 'n leefstyl. Dít het behoorlik tydens die Suid-Afrikaanse skole netbaltoernooi na vore gekom. Talle spanne uit elke provinsie het by die Hoërskool Dr. E.G. Jansen te Boksburg teen mekaar meegeding.

Veertien leerders aan die Hoërskool Sentraal het vanjaar die Vrystaat by hierdie veelbesproke topklas netbaltoernooi verteenwoordig.

Hoogtepunte tydens die toernooi is Coreen Hechter, 'n graad 8-leerder aan die Hoërskool Sentraal, wat in die o.14 Vrystaatspan ingesluit is. Dié span behaal 'n uitstekende 2e-plek tydens die toernooi. Maryna van Wyk, Olerato Molapo, Ashley Murley en Nicole de Witt is in die o.17 Vrystaatspan ingesluit, wat 'n 3e-plek behaal het.

"Dit was 'n groot toernooi en baie intimiderend om teen die sterk spanne van Gauteng en die Wes-Kaap te speel. Ek dink wat in die span se guns getel het, is die feit dat daar so baie Tralies in die span was wat reeds mekaar se spel geken het," sê Van Wyk (kaptein).

Van Wyk voeg by dat die spelers tydens elke opwarming baie gestres het. Sodra die wedstryd begin het, het hulle tot die einde toe as 'n span saamgestaan.

Sentraal het behoorlik sy stempel afgedruk toe drie leerders in die Top 35-groep ingesluit is. Nicole de Witt en Ashley Murley is in die o.17 groep ingesluit en Frances Hurling in die o.19 groep. Hurling, sê sy was verbaas toe sy dié aankondiging hoor omdat sy dit glad nie verwag het nie. Sy is baie opgewonde en dankbaar vir die groot eer wat haar te beurt geval het.

Die netbaldogters het met die voortreflike uitslae bewys waarom die Hoërskool Sentraal as dié netbalskool in die Vrystaat beskou word.



Olerato Molapo fnuik opponente met haar strategiese spel. **Foto: Geo Jooste**

Tralietekkies veg vir 'n plek op die podium

STEPHEN PRETORIUS

Landloop word wêreldwyd gereken as 'n sportsoort wat uithouvermoë, stamina en wilskrag van 'n landloper verg.

Atlete neem op 'n ruwe terrein, met 'n uitgemerkte roete van twee kilometer, deel. Die deelnemers neem oor 'n afstand van 4 kilometer tot 12 kilometer - afhangende van hulle ouderdomme - deel.

Die deelnemers moes kwalifiserende tye tydens vier van die ses ligas, wat by die Universiteit van die Vrystaat gehou is, behaal het. Vier Tralies wat na die Vrystaat landloopkampioenskap deurgedring het, is Daniel van Niekerk en Janke Lingenfelder (graad 12), Marli Appel (graad 9) en Anke Brönn (graad 8).

Van Niekerk sê: "Ons hardloop elke dag ten minste vyf of ses kilometer op die pad omdat dit min of meer die ekwivalent van vier kilometer op die baan is. Dit is ook 'n ontsnappingsroete om van die daaglikse druk te ontsnap."

Gedurende dié kampioenskap te Bloemfontein het die vier stofstorms veroorsaak. Die warrelwinde van dié dag het baie deelnemers afgeskrik en in hulle spore laat omdraai.

Die gure weersomstandighede het egter nie die Tralies van stryk laat bring nie en hulle het die wedloop voleindig. Appel en Brönn is gekies om die Vrystaat by die Suid-Afrikaanse kampioenskap in Middelburg te verteenwoordig.

Gedurende dié kampioenskap was die atlete ook aan die ongenaakbaarheid van die natuur oorgelaat. Die hittegolwe met windstil toestande het bygedra dat dié twee atlete gesukkel het om hulle beste tye op dié dag te behaal. Hulle deursettingvermoë is keer op keer getoets.

" Kweek goeie oefengewoontes en hou op om vir jou beperkinge te stel. Jy is jou grootste teenstander in die wedloop na sukses," sê Appel.

Gimnas presteer tydens mini-SA's



Logan Connoway spog met haar gimnastieke vermoë. **Foto: Verskaf**

CHRISTINE DE WET

Logan Connoway, 'n graad 8-leerder, is gekies om die Suid-Vrystaat tydens die Sone Gimnastiek Kompetisie (Mini SA's) in Pretoria te verteenwoordig.

Connoway het met 'n elegante vertoning die beoordelaars beïndruk en het daarin geslaag om tydens die Suid-Vrystaat gimnastiekkompetisie 'n silwermedalje te verwerf. Sy behaal 8.20 op die balk, 9.00 op die brug, 9.20 vir sprong en 8.85 vir die vloeroefening. "Wanneer jy die resultate van jou harde werk sien, raak jy daaraan verslaaf," is die woorde van dié talentvolle jong gimnas.

Met die praguitslae was sy slaggereed vir die kompetisie in Pretoria. Dit is vanjaar by die Matsportsentrum aangebied. Gimnaste van regoor Suid-Afrika het deelgeneem. Die kompetisie onder die gimnaste was sterk, maar nie eers die sterk mededinging het Connoway onder gekry nie. Sy het 'n goue medalje in die Vlak 2-afdeling verwerf. Sy behaal onderskeidelik 8.95 op die balk, 9.25 op die brug, 8.9 vir sprong en 8.8 vir die vloeritem.

"Ons is baie trots op Logan," sê Shirley Frost, die afrigter van die *Dynamic Gymnastics Club*.

Perdesport raak meer gewild

ZETSKÉ POSTHUMUS

Die Hoërskool Sentraal se perderuiters presteer puik in 2015. Jaun-Marie Vermeulen (graad 10) het in Bloemfontein by die *Equestian Centre* aan die Vrystaat kampioenskap deelgeneem en 'n 4e-plek behaal.

Ilcké van Straaten (graad 10) het aan drie groot byeenkomste deelgeneem. Sy spring weg met deelname aan die Bloemskou se SA-Nasionale Groot Kampioen Parkperd kampioenskap en behaal 'n 2e-plek. Hierna gallop sy na die Petrusburgskou Groot Kampioen Parkperd en verower 'n 1-plek. In die pylvlak by die wenpaal neem sy aan die Robbertsonskou Groot Kampioen Parkperd kampioenskap deel en eindig in die 1-plek.

Nicola Grevelink (graad 10) het tydens die SA-kampioenskap onderskeidelik 'n 3e-plek in driegang (o.16) en 'n 4e-plek in siertuig (o.18) behaal.

Alta Geyer het gekwalifiseer om as lid van die Junior Proteaspan teen die span van Amerika te Stellenbosch deel te neem.



Alta Geyer op die rug van Now and Again tydens die 2015 Proteaproewe. **Foto: Verskaf**

SPORT BLOTSE

Tralies gee 'n nuwe definisie aan skyfskiet

SUZÉL LESSING

SJ le Roux behaal die besondere prestasie om deel te wees van die Suid-Afrikaanse span (SANSSU) wat aan die *British Junior Internationals* in Londen (Engeland) by *Bisly Park* deelgeneem het. Tydens dié kompetisie behaal hy 'n individuele 19e-plek. Die SA-span het hulle teenstanders die loef afgesteek en met die goue medalje weggestap.

"Die grootste ervaring was om nuwe skietmetodes aan te leer en te ervaar," sê Le Roux oor sy onder-vinding.

Die skuts wat in die Vrystaatspan ingesluit is, is SJ le Roux (o.21A) Charné du Plooy, Pieter Luttig (o.16 A) Johannes van Zyl (o.16 B) en Chené Pieterse (o.14A) Tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskap behaal die Vrystaat A-span (o.16 en o.21) 'n bronsmedalje. Die o.21 A-span behaal 'n silwermedalje.

Oranje / Grey atletiekkampioenskap

1e-plekke
Welana Van der Merwe D.15: Paalspring
Lu-Zahn Janse Van Rensburg D.15: 90m Hekkies
Rone' Hertzog D.15: Hoogspring
Lize Jacobs D.16: Paalspring
Esli Lamley D.17: Paalspring
Christiaan Duvenage S.14: Paalspring
Janko Kachelhoffer S.14: Diskusgooi
Zaine De La Rey S.15: Paalspring
Henru Potgieter S.16: Paalspring

2e-plekke
Johke Smit D.15: Paalspring
Arne Fourie D.16: Hoogspring
Leandri Van Rensburg D.17: 100m Hekkies
Du Preez Grove S.14: Paalspring
HJ Grobbelaar S.16: Paalspring

3e-plekke
Lu-Zahn Janse Van Rensburg D.15: 300m Hekkies
Maryna Van Wyk D.17: 100m
Nadia Meiring D.17: Hamergooi
Hanro Visser S.14: Hoogspring
Dawid De Klerk S.14: Paalspring
Geraldo Leeu S.16: Driesprong

Hokkie Vrystaatspanne

Die volgende spelers is ingesluit in die onderskeie Vrystaatspanne:
Dogters:
o.14B: Nicola Hefer
o.16B: Lize Jacobs
o.16C: Nicola van Zyl, Jessica-Ann Onderstall
o.19C: Danielle Swanepoel, Monique du Preez
Seuns:
o.14A: Wynand Steynberg, Du Preez Grove
o.14B: Heinz Nel, Christiaan Duvenhage, André Pretorius
o.16A: Winett Mackenzie
o.18A: Eric Wesi
o.18B: Mian Noordman

Tralies eet, slaap en dink rugby

MiWay Sewestoernooi sorg vanjaar vir nuwe opwinding

MICHE' NEL

Tydens die *MiWay* Sewestoernooi is aan spelers die geleentheid gebied om kragte te meet teen van die top skole in Bloemfontein. Sewe manne met sewe minute om 'n verskil te maak. Ten spyte van die ongure weer het die toeskouers die spelers aangemoedig deur hard op tromme te slaan. Dít is 'n inisiatief van *Red Star Talent* onder leiding van *Teambo*. Laasgenoemde het omtrent vuur onder die toeskouers gemaak en die koue sommer vinnig verdryf.

OFM het regstreeks vanaf die geleentheid uitgesaai en pryse weggegee. Om in aanmerking te kom vir 'n prys moes die publiek bloot 'n sms met die die naam van 'n speler wat hulle graag in die Blitsbokke span wou sien, stuur.

Optredes deur welbekende kunstenaars het bygedra tot die opwinding van hierdie merkwaardige rugbytoernooi. Die groep *Drywater* sowel as Brendon Peyper het opgetree.

Alhoewel dit 'n uitputtende dag vir die spelers was, het hulle bewys dat daar murg in hulle pype is. Die Tralies het met hulle vinnige, flukse bewegings en deurdagte strategieë baie van die spanne se planne behoorlik gefnuik en die skare laat juig.

"Dit was 'n opwindende dag. Ek het die kwaliteit rugby baie geniet," getuig Gina-Lynn Smit, 'n toeskouer. Na 'n dag propvol harde wedstryde het die Hoërskool Grey Kollege koning gekraai en beide die 1e- en 2e-plek behaal. Die Hoërskool Jim Fouche beklee die 3e-plek en die Hoërskool Sentraal eindig vierde uit die twaalf deelnemende spanne.

Roeché Roelofse is vir die Vrystaat 7's span gekies wat aan die Nasionle 7's toernooi in die Paarl deelgeneem het.

Tydens die toernooi het die Vrystaatspan die "Bowl"-finaal gewen wat aan hulle 'n 9e-plek tydens die toernooi besorg het.



Jan le Roux nael na die doellyn terwyl opponente toekyk. **Foto: Geo Jooste**

Spelers kolf in die buiteland

CARL KELLERMAN

Mian Noordman, Ruan van Wyk en Theunis (Vlooi) la Grange is gekies om Suid-Afrika in 'n o.18 kriekettoernooi in Sri Lanka te verteenwoordig.

Van Wyk en La Grange is gekies nadat hulle in 'n kwalifiserende wedstyd albei 100 lopies aangeteken het. Noordman het die span gehaal vir sy uitstekende boulvernuf waarmee hy die een na die ander paaltjies laat val het. Hulle het in drie stede in Sri Lanka naamlik, Kathara, Kandy en Colombo, teen vier plaaslike krieketklubs gespeel waarvan hulle een wedstryd verloor het, een gekanselleer is as gevolg van reën en twee gewen het.

Die spelers is nie gewoond aan die weersomstandighede in Sri Lanka nie. "Dit was verskriklik warm en ons moes onder moeilike omstandighede kophou op die veld," sê Noordman. Die groot eer om die wêreldbekende Lasith Malinga (snelbouler vir Sri Lanka) te ontmoet, het die spelers te beurt geval. Malinga het aan hulle 'n Sri Lanka speelhemp oorhandig.

Van Wyk het in die laaste wedstryd 77 lopies van 34 balle aangeteken om die wedstryd te wen. Hy is aangewys as die kolwer van die toer.



Die talentvolle Mian Noordman dryf die bal deur die dekke. **Foto: Geo Jooste**

Olimpiese Spele bly in Madelaine le Roux se visier

MARJA-LISE NEL

"Die Here het aan my dié talent gegee. Daarom weet ek dat Hy glimlag wanneer ek deelneem," meen Madelaine Le Roux, talentvolle atleet aan die Hoërskool Sentraal.

Le Roux het vanjaar in nasionale en internasionale byeenkomste uitgeblink. Sy is as die Suid-Afrikaanse kampioen in beide dubbel- en driekamp gekroon. Sy het 'n 4e-plek op die Wêreldskole kampioenskap, wat in Frankryk plaasgevind het, behaal. Sy is in die Suid-Afrikaanse span ingesluit wat in Amerika aan die Wêrelddriekamp kampioenskap deelgeneem het.

Tydens haar deelname aan dié byeenkoms het sy 'n uitmergelende swemskof beleef. Tydens die fietsryskof het Le Roux, terwyl sy in 'n 360 º draai gery het, waarskynlik 'n floute aanval gehad en van haar fiets afgeval. Tydens die val het sy haar linker sleutelbeen gebreek en kon dus die wedloop nie voltooi nie.

Ten spyte van terugslae in haar sportloopbaan, glo sy dat dít haar 'n sterker deelnemer gemaak het. Dit het haar gemotiveer om harder te werk.

"Alles wat gebeur, gebeur om 'n rede. Jy mag nooit moed opgee nie. Jy is sterker as wat jy dink."

Le Roux droom om eendag aan die Olimpiese Spele deel te neem.

Sportkalender

31 Julie	Netbal: SA Schools Challenge	19 Sep	Tennis: Interskole @ Garsfontein
7 Aug	Tennistoer	2 Okt	Kriekettoer: Mosselbaai
11 Aug	Luggeweerskiet: BJI Toer Engeland	4 Okt	Luggeweerskiet: SA's
15 Aug	Landloop: Vrystaatkampioenskap	17 Okt	Atletiek: Grey/Oranjebyeenkoms
20 Aug	Luggeweerskiet: VS Semi-finaal	20 Okt	Krieket: Personeel vs Eestespan
22 Aug	Bergfiets: Eden Classic MTB	25 Okt	Atletiek: JF Uitnodigingsbyeenkoms
3 Sep	Bethlehem Hoërskole Tennis Toernooi	30 Okt	Atletiek: Paul Roosbyeenkoms
4 Sep	Tralie 7's Toernooi		

uit my oogpunt...



Nog 'n jaar het verby gevlieg. Leerders het weereens nie teruggestaan vir uitdagings nie en skitterende prestasies is behaal. Ons kyk met dankbaarheid terug na 2015: die 1e-netbal en -rugbyspan het onderskeidelik die stadsliga gewen. Die netbal palm ook die Vrystaatbeker in. Verskeie Tralies het ook uitgeblink in veelkampe, lewensredding, krieket, atletiek, skiet, gholf en ski. Dit is prestasies wat so maklik as vanselfsprekend aanvaar word. Graag wens ek elke afrigter en leerder sterkte toe met die atletiek- en krieketseisoen wat nou voorlê.

Geen ysberg is te hoog nie

Tydens nasionale kompetisie ski Elizabeth Olivier ys in deelnemers se oë

ELRIE MEYER

Die Hoërskool Sentraal spog vanjaar met een van sy leerders wat 'n buitengewone prestasie verwerf het.

Elizabeth Olivier, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het die afgelope drie maande die *Winter Sport Academy* by die ski-oord Tiffindell, naby Rhodes, bygewoon. Hier het hulle nie net hulle ski talent verder ontwikkel nie, maar kon hulle weer op die ys tuisraak.

Die skiërs het soggens geski en smiddae die nodige akademiese onderrig ontvang wat verseker het dat skoolwerk steeds 'n prioriteit bly. Hulle fiksheid en ski vernuf het ook aandag geniet.

Vanjaar het daar reeds ses internasionale kompetisies in die vrouekategorie en agt kompetisies in die manskategorie plaasgevind. Olivier het beslis ys in die ander deelnemers se oë geski toe sy die *South African National Championships* asook die *South African National Junior Championships* gewen het. Gesien in dié lig, verwerf sy erekleure en kwalifiseer vir die *Winter Youth Olimpics* wat volgende jaar Februarie in Noorweë gaan plaasvind.

Die hoogtepunt van die seisoen is die internasionale kompetisies en om die internasionale atlete vanuit Europa (Italië, Oostenryk, België, Slowakye en Ysland) te ontmoet. Dit was vir die atlete baie inspirerend om die buitelanders te sien ski en om hulle verskillende tegnieke te kan ontleed. "Om hulle te sien ski het my tegniek verbeter. Hulle het waardevolle wenke en raad met my gedeel en my gemotiveer om my doelwit te bereik," sê Olivier.

Olivier neem al van 6-jarige ouderdom aan hierdie opwindende sportsoort deel. "Dit is een van dié beste besluite wat ek nog geneem het. Dit is harde werk, maar beslis die moeite werd," sê sy.



Elizabeth Olivier ski tussen kompetisiepaaltjies deur by Tiffindell ski-oord op mount Ben Mcdui. **Foto: Verskaf**

ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART OFFICE SOLUTIONS
Tel: 051 446 2440
www.itecfreestate.co.za